Verwysing: 20180115-8213
13/1/1/2
Navrae: Distriksdirekteure

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoërskoolprinsipale

Onderwerp: Aflewering van *Wenke vir Sukses*-boekies aan 2018 kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het die boekie, *Wenke vir Sukses*, vir elke 2018 kandidaat vir die Nasionale Senior Sertifikaat in die Wes-Kaap voorberei om hulle met hul eksamenvoorbereidings te help. Die boekie verskaf studiewenke, eksamenwenke, beursinligting, wenke vir sukses en ander nuttige inligting.

2. Elke graad 12-leerder behoort in die eerste kwartaal van 2018 'n boekie te kry.

3. Benewens die boekies vir die kandidate, sal addisionele boekies **vir elke graad 12-onderwyser** per skool ingesluit word. Die boekies sal teen 31 Januarie 2018 deur distriksamptenare by hoërskole afgelewer word.

4. Kontak asseblief u distrikskantoor indien die verkeerde getal boekies by die skool afgelewer is. Oortollige boekies moet aan die distrikskantoor terugbesorg word.

5. **Daar word sterk aanbeveel dat onderwysers die inhoud van die boekie met hul graad 12-klasse bespreek** en hulle aanmoedig om dit te lees ten einde te verseker dat hierdie boekies die verlangde uitwerking sal hê deurdat dit kandidate met eksamenvoorbereidings sal help.

6. Vorige NSS-eksamenvraestelle en nasienmemoranda is beskikbaar by https://wcedonline.westerncape.gov.za/documents/Matric/matric-n/index.html.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeellede.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2018-01-19